

Hoofstuk van die dag: Esegiël 7

Die dag is hier, dit kom … (Eseg 7:10)

“Die dag van die Here” of net “die dag” is ’n uitdrukking wat die einde van ’n era aandui. By Esegiël is dié dag ook een waarop die Here Homself openbaar, sodat mense opnuut sal besef

wie Hy is (vers 9).
Die Here is niemand se speelmaat nie. Ons moet Hom en sy walging oor die sonde ernstig opneem en nie dink (soos die Jode destyds) dat Hy maar net altyd weer sal red en beskerm nie. Dan maak ons sy genade goedkoop. Tog is Hy nie hardvogtig en wreed nie. Selfs sy oordeel (soos hier in soveel detail beskryf) is bedoel om mense terug te roep na Hom toe. God wil nie straf nie, maar seën. Wanneer Hy straf, is dit omdat mense Hom daartoe dwing. Hy wil sy mense wakker skud uit hulle selftevredenheid en oorgerustheid. Hy wil hê hulle moet tot inkeer kom, sodat Hy ’n nuwe begin met hulle kan maak.
Jy kan óf beangs raak as jy ’n hoofstuk soos hierdie lees, want dis ’n kant van God waarvan ons nie graag wil weet nie; óf jy kan terugkeer na Golgota en diep dankbaar voor Jesus buig. Daar het Hy God se woede in jou plek gedra.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026